

MAAGD VAN DIE SEE
No 7
Seerowers vel die Vonnis
MEIRING FOUCHE

'n Paar manne klim met die hoofmas op met die tou en al. Hulle plaas dit bo oor die mas en Simon word tot teen die hoofmas gelei. Dit is Bloubaard wat Simon se klere van sy lyf afskeur totdat hy naak teen die mas staan. Sy manne sluit hulle oë want dit is 'n gesig wat hulle nie wil aanskou nie.

En toe hulle weer sien, hang hy hoog teen die mas in die son. Sy arms is pynlik bo sy kop uitgestrek en hy lyk byna soos iemand wat gekruisig is. Hiervandaan kan hulle reeds sien hoe die skerp kante van die boeie sy vel gebreek het en hoedat die bloed teen sy arms afvloei.

Van der Leeuwen se manne klouter teen die mas af en 'n groot toejuiging gaan van die seerowers op. Hulle kyk op na die gesig wat hulle so bevredig en nadat hulle 'n hele ruk gekyk het, wy hulle weer hul aandag aan die res van die bemanning. Daar op die plek besluit hulle watter manne aan watter maste opgehang sal word.


Stofomslag: Willie du Plooy

6 000256 000063

# MAAGD VAN DIE SEE

No 7
Seerowers vel die Vonnis

R2,50
a.v.b. uitgesluit




MEIRING FOUCHE

## INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Skip van die Dood | 3 |
| 2. | Simon word Gewaarsku | 10 |
| 3. | Magtelose Woede | 18 |
| 4. | Aan Boord | 26 |
| 5. | Die Donker Nag In | 36 |
| 6. | Storm en Stilte | 45 |
| 7. | Wrede Dreigement | 54 |
| 8. | Gevangene | 65 |
| 9. | In die Seerowernes | 74 |
| 10. | Teregstelling | 85 |


Hoofstuk 1

# SKIP VAN DIE DOOD

Toe die seilskip Maagd van die See in 'n sierlike boog om die neus gevaar kom na die klein hawehoof aan die weskus van Afrika, skreeu die man in die kraaines.

,,Skip in die hawe!'' bulder hy na onder en hy leun oor die traliewerk van die kraaines om beter te kan sien.

Die boodskap word 'n refrein op die besige dek van die Maagd van die See waar omtrent die hele bemanning afwagtend en die ene opwinding vergader het. Dit is nie elke dag dat die Maagd van die See vars water, vars vleis en moontlik groen woudgewasse aan boord kan neem sodat daar darem weer iets anders te eet is nie. Of moontlik selfs 'n paar stukke wildsvleis.

Vir die bemanning van die Maagd van die See is vars voorrade nou hoog nodig want dit is al verskeie weke dat hierdie sierlike skip oor die oseane swerf op soek na seerowers. Die manne ken ook hierdie klein hawe aan die kus wat later bekend sou word as die Goudkus van Afrika. Hier kan hulle darem altyd rus en ontspan.

Nie een van die manne het egter verwag dat hulle hier 'n ander skip sou aantref nie—minste van almal die gesagvoerder, kaptein Simon Verbeeck, die skrik van alle seerowers. Toe Verbeeck die aankondiging van die man in die kraaines hoor, haas hy hom na die voorstewe en kyk oor die see uit. En terwyl hy nog so hardloop, skreeu hy 'n bevel uit dat die kanonne van die Maagd van die See gestel moet word. Hy wil nie graag hier deur 'n onbekende seerower of deur 'n slaweskip oorval word nie.

Toe Verbeeck die voorstewe bereik, lê die vreemde vaartuig oop en bloot voor hom, dwars teenoor die kus van die klein hawe. Dit lê skeef en dit lyk soos 'n eend wat deur 'n storm oorval is. Hiervandaan lyk dit maar taamlik toiingrig. Dit lê ook 'n hele entjie van die strand af.

Met die eerste oogopslag sien Simon Verbeeck dat die skip gestrand het en dit wek in hom onmiddellik 'n eienaardige indruk. Dit moet darem 'n onhandige bemanning wees wat 'n seilskip hier laat strand. Wat hierdie klein hawe juis so gewild maak by omtrent alle seevaarders, is die feit dat dit so beskut is dat dit so veilig is selfs wanneer die see baie onstuimig is. Simon self het hom al gedurende stormweer met die grootste gemak binnegevaar. Die kajuitseun kom met die gesagvoerder se teleskoop aangehardloop en Simon plaas dit onmiddellik voor sy oog.

Deur die teleskoop sien die ervare seevaarder 'n gesig wat hom glad nie aanstaan nie. Dit is nou heeltemal duidelik dat die skip gestrand het. Dit lê skerp skeef en dit lê heelwat verder van die strand af as wat Verbeeck aanvanklik besef het. Daar is van die seile wat in repe is.

Maar wat Simon die meeste tref, is dat daar op die stil dek geen lewe is nie. Hoe lyk dit dan vir hom hy sien iets in die toue en oor die dwarsmaste hang? Kan dit lyke wees?

Toe Verbeeck eindelik omdraai, weet hy daar is 'n skroef los met hierdie gestrande vaartuig. Daar kom 'n eienaardige gevoel in sy binneste toe hy terugstap en sy stuurman beveel om op die vreemde vaartuig af te vaar. Hy beveel ewewel sy manne weer om die kanonne reg te stel en 'n aantal andere beveel hy om hulle te bewapen en gereed te wees om aan boord te gaan.

Die lang, donker man met sy gitswart baard wat onverbiddelik oorlog verklaar het teen alle seerowers en rampokkers van die see, weet goed genoeg hoe vinnig en onverwags die see 'n verrassing kan oplewer. Hy is nie van plan om onverhoeds gevang te word nie. Hy is altyd wakker en versigtig, want hy weet hoeveel manne van die see op sy spoor is omdat hy so ongenadig is teenoor alle misdadigers op die oseaan.

Simon Verbeeck gaan self by die stuurman staan en beduie hom presies hoe hy moet vaar. In 'n ommesientjie is alles op dek gereed. Die kanonne is gelaai en die kanonniers staan reg met die fakkels om te vuur as dit nodig is. Die res van die bemanning het hulle bewapen en hulle staan oorgehaal met sabel en pistole.

Naby die vreemde vaartuig swaai die Maagd van die See sierlik dwars. Daar is nou min seil gespan en die vaartuig beweeg soos 'n swaan wat tot rus wil kom.

Verbeeck hou die skewe dek van die gestrande vaartuig noukeurig deur die teleskoop dop en toe hy oortuig is dat daar geen lewe is nie, beveel hy dat die skuite neergelaat moet word.

,,Wat is hier gaande, Simon?'' Dit is Verbeeck se goeie vriend en regterhand, Wilhelm Rieckert, wat aangehardloop gekom het.

,,Ek wens ek het geweet,'' antwoord Verbeeck. ,,Hier is iets baie eienaardigs aan die gang. Hierdie skip het klaarblyklik gestrand en dit lyk vir my daar is lyke.''

,,Maar wie kan so onhandig of onkundig wees om 'n skip hier te laat strand?'' vra Rieckert en dit verbaas Verbeeck nie dat Rieckert dieselfde indruk as hy het nie.

,,Ek gaan kyk, Wilhelm,'' sê Verbeeck. ,,Ek wil hê jy moet aan boord bly ingeval daar moeilikheid is. Hierdie kan 'n lokval ook wees. Ek gaan met 'n hele klomp manne aan boord om ondersoek te gaan instel. Hou die Maagd se kanonne op daardie skip gerig en vuur as dit enigsins nodig is.''

Wilhelm Rieckert voel teleurgesteld omdat hy nie ook kan gaan nie, maar hy besef dat iemand aan boord van die Maagd van die See moet bly om te skiet as daar moeilikheid kom.

,,Versigtig nou,'' maan hy sy aanvoerder toe Simon na die skeepreling stap.

,,Ek is altyd versigtig,'' sê Simon laggend en skreeu 'n bevel dat die gewapende manne in die skuite moet klim. Hulle swerm oor die kant en in 'n kits is die paar skuite vol. Simon klim self oor die kant en hulle roei na die verlate skip wat soos 'n gebreklike voël in die water lê.

Simon Verbeeck staan regop in die voorstewe van die voorste skuit en al wat 'n man is, hou die oë oop. Almal vrees verraad, want hulle het dit al soveel





kere ondervind dat 'n skip wat oënskynlik heeltemal onskadelik is, op 'n gegewe oomblik vuur spuug.

Maar hulle kom nog daar gunter aan, toe sien hulle dat die kanonluike toe bly, dat niks op dek roer nie—en dat daar lyke in die toue en op die dwarsbalke is. Dit is nou in elk geval heeltemal duidelik. Daar is meer en meer tekens dat hierdie skip van die dood is.

Wat Simon verbaas, is dat toulere oor die kant van die skip hang, so asof mense daarmee op en af geklim het.

,,Is daar iemand hier?'' roep Simon toe hulle die vaartuig bereik. ,,Wat gaan hier aan? Is hier iemand wat my hoor?''

Daar is geen antwoord nie. Die enigste geluid is die ligte geklots van water teen die boeg van die vaartuig.

En die gemiaau van 'n kat iewers. Die geluid van die kat klink aardig en opvallend deur die stilte. En dit vul die seemanne met 'n donker vooruitsig. Manne wat hul skip verlaat, laat nie maklik die skeepsgat agter nie.

Teen die voorstewe het Simon die naam van die vaartuig gesien: Skone Maria, Amsterdam.

Simon Verbeeck frons. Hierdie vaartuig het hy op sy omswerwinge nog nooit teëgekom nie. Nog nooit eens daarvan gehoor nie. Hy het reeds na die maspaal gekyk, maar daar het hy geen vlag gewaar nie. Hierdie is skynbaar nie 'n seerowervaartuig nie.

,,Volg my!'' beveel Simon en hy begin onmiddellik met die naaste touleer opklouter. Die manne laat hulle nie twee maal vra nie. Soos rotte klouter hulle met die toulere op en hulle vertrap mekaar byna in hul ywer om eerste bo te wees.

Met sy breë sabel tussen die tande vasgeklem, is Simon heel eerste oor die kant van die skip.

En toe hy op dek spring, steek hy verbysterd en met afsku vas. Die stank van die dood slaan hom in die gesig. Die bont skeepskat kom onmiddellik nader en skuur teen Simon se been.

Daar is van die manne wat uitroepe van walging los. Daar is andere wat die gesigte wegdraai van die toneel op dek. Party ruk hul gekleurde kopdoeke af en bind dié om hul gesigte.

Die toneel op dek is in skrille kontras met die mooi naam van hierdie vreemde skip. Dit is 'n chaos van bloed en lyke. Van gebreekte sabels en stukkende houte. Hier moes 'n verwoede geveg plaasgevind het. Party van die lyke hang in die toue vasgevang en ander het op die een of ander wyse op die dwarsmaste beland.

Wat Simon Verbeeck nog meer verbaas as die groot klomp lyke, is die baie swart lyke wat daar lê. 'n Hele aantal negers lê op dek dood. Die eerste ingewing wat hy kry, is dat hier 'n muitery moes plaasgevind het. Maar vanwaar dan al die swart manne wat hier gesterf het? Swart bemanningslede wat teen die blankes opgestaan het? Nee, dit kan nie wees nie, want die swart lyke is ver in die minderheid en swart bemanningslede is maar skaars op enige skip.

Dalk 'n slaweskip? Hierdie is immers die kuste waar die negerslawe gevang word om na die Amerikaanse plantasies geneem te word. Maar hoe kan dit wees? As dit slawe is wat hier gesterf het, hoe het hulle hier gekom? Slawe word immers in die ruim van 'n slaweskip vasgeketting en daar kom hulle nie los voordat hulle afgelaai word nie.

Simon Verbeeck is heeltemal uit die veld geslaan toe hy oor die bloedkolle heen tree en na die deur van die skeepskajuite stap. Hy het die indruk dat feitlik die hele bemanning van die Skone Maria hier moes gesterf het. En diegene wat gesterf het, het aaklig en bloedig gesterf. Dit moes 'n verbete worsteling gewees het.

Voordat hy die kajuite bereik, is daar iets anders wat sy aandag tref. Die deksel van die agterste ruim is oop. Die groot deksel lê op die dek. Simon kyk in die donker ruim af, maar hy gewaar geen lewe of beweging nie. Al wat hom tref, is die kenmerkende stank van hierdie slaweruime.

Hy roep een van sy manne nader en gelas hom om 'n fakkel te gaan soek. Toe die man kort daarna opdaag, beveel Simon 'n paar kêrels om hom die ruim in te volg. Hy beveel die ander om die skip verder te deursoek en te kyk of hulle nie iemand lewend aantref nie. As hy net een kan vind wat in staat sal wees om die verhaal te vertel, sal hy dankbaar wees.

Die man met die fakkel klim voor Simon in die ruim af en die paar ander volg hom.

In die helfte van die leer gaan Simon-hulle staan en in die lig van die fakkel kyk hulle onder toe. Hulle kyk goed, want hulle is nie lus om hier oorval te word soos die bemanning van die Skone Maria nie. 'n Hele horde kan hier in die stinkende ruim skuil en die oomblik wanneer jy onder kom, kan hulle jou oorval.

Maar die ruim is leeg. Dit is leeg tot in die verste hoeke. Al wat sigbaar is, is die verweerde strooi en die houtkosbakke wat oral rondlê. En die kettings.

Simon en sy paar manne gaan verder af in die ruim en begin dit ondersoek. In 'n paar van die kosbakke tref hulle nog kos aan. Twee kruike is nog byna vol water.

Dit is egter die kettings wat Simon Verbeeck se belangstelling prikkel. Hierdie slawekettings is swaar en sterk. Hulle loop langs die kante van die slaweruim om en hulle is stewig in die dik skeepshout vasgebout. Elke tree of so is daar 'n dunner ketting aan die dikke vas. Aan die punt van die dunner ketting is 'n stewige ysterboei waarmee die enkels van die slawe vasgeboei word.

Al hierdie boeie is oopgesluit. Hulle is nie gebreek nie. Hulle is beslis oopgesluit.

Simon Verbeeck kan dit nie glo nie en tog is dit so. Hy doen die moeite om elkeen van die boeie afsonderlik te ondersoek. Met almal is dit presies dieselfde geval. Mensehande moes hulle oopgesluit het.

Toe Simon Verbeeck eindelik daar op die ou strooi in die middel van die ruimvloer staan, kry hy die gevoel van verraad. Hier moes iets groots verkeerd gegaan het. Deur iemand is die slawe in die ruim losgelaat, deur iemand





is hulle na die dek geneem en daar het die bloedbad plaasgevind. Dit is vir hom duidelik dat die bemanning van die Skone Maria op die een of ander wyse oorrompel moes gewees het. Moontlik in hul slaap. Hy het al genoeg gesien om te weet dat dit so moet wees. Die stuurman het hy langs die stuur sien dood lê, met sy skedel ingeduik. Die ander manne op dek is byna almal naak. Toe daar alarm gemaak is, het hulle natuurlik net so uit die slaapplekke opgespring en na die dek gehardloop.

Uit die ruim gaan Simon eers na die slaapplekke van die bemanning. Dit is net soos hy verwag het. Dit is 'n afskuwelike gesig. Talle bemanningslede het in hul hangmatte gesterf; ander op die trap wat na die slaaplokale lei. Party van hulle het blykbaar nooit eens wakker geword nie.

Meteens het hy behoefte aan vars lug. Die stank en die bedompigheid word vir hom een te veel. Hy is 'n geharde seeman en hy het al baie bloedige tragedies waargeneem. Maar 'n gesig soos hierdie het hy nog nie gesien nie.

Toe hy op die dek uitkom, weet Simon bo alle twyfel dat hy hom in die nasleep van 'n muitery vasgeloop het. Hy kyk weg na die strand, maar daar is dit alles stil en rustig. Niemand beweeg daar nie. Die palms staan stil in hul eie skaduwees en die wit skuim van die see is 'n pragtige snoer oor die gelyk strand waar hy en sy manne al in die verlede so baie spore getrap het.

Hoewel dit kalm is, is dit vir hom asof daar in die skaduwees, in die stilte van die landskap iets donker en dreigends skuil; iets wat dreig om hom en sy manne te oorweldig.

Soos hy verwag het, is daar geen teken van enige reddingsbote nie. Hulle is almal verwyder. Dit verbaas hom dat hy hulle nie iewers op die strand gewaar nie. Maar hierdie is 'n dag van verrassings. Straks sal hy nog meer verrassings op die lyf loop.

Simon Verbeeck gaan na die kapteinskajuit. Daar is dit dieselfde verhaal van bloed en verwoesting. In die hoofkajuit lê drie naakte manne dood. Skynbaar het hulle hierheen gekom om hul kaptein te probeer beskerm.

En in die kleiner slaapkajuit kry Simon die kaptein van die Skone Maria dood. Ook hý kon sy bed nie verlaat nie. Hy het skuins afgeskuif en sy kop lê in 'n kol droë bloed. Sy nek is byna heeltemal afgesny.

Simon soek na papiere en hy vind hulle. Dit is net soos hy verwag het. Hierdie is 'n slaweskip wat 'n besending slawe na Amerika moes vervoer. Die kaptein was De Geus. Ook van hom het Simon nog nooit gehoor nie.

Uit die skeepsdokumente kry die seevaarder geen verdere aanduiding oor wat hier kon plaasgevind het nie. Geen aanduiding oor hoe dit kon gekom het nie.

Maar toe hy in die kapteinskajuit gaan rondsnuffel, vind hy daar 'n dagboek waarin iets interessants aangeteken staan.

Daar lees Simon die volgende:

Die neger Fastus is intelligent en moedig. Eendag, dink ek, sal hy nog gesag hê oor 'n vaartuig onder volle seil. Hy is onderdanig en gehoorsaam en daarby moedig. Dit is goed dat hulle van hom nie ook 'n slaaf gemaak het nie."

Fastus, die neger. . . Dan was Fastus nie so onderdanig en gehoorsaam

soos De Geus gemeen het nie, dink Simon. Intelligent was hy blykbaar wel, maar nie alte onderdanig nie.

Fastus—hy is seker die spil waarom alles gedraai het.

Simon Verbeeck gaan nadenkend terug na die dek. Een van die manne draf hom opgewonde tegemoet. ,,Kaptein,'' sê die kêrel, ,,ons kry geen wapens hier op dek nie. Wie ook al die bemanning uitgeroei het, het al die wapens gevat.''

Simon gee voor dat hy baie verbaas en geskok is, maar dit is een van die heel eerste dinge wat hy opgemerk het. En dit is een van die verskynsels wat hom die meeste ontstel. 'n Boel sabels in die hande van 'n spul verwoede negers kan nie goeie werk afgee nie. Dit weet hy maar te goed.

Verbeeck kyk weer in die rigting van die strand, maar dan is dit nog steeds roerloos stil. Daar is ook geen teken van die skuite van die Skone Maria nie.

Daar is nog een taak. Dit is 'n aaklige taak, maar Simon weet dat dit gedoen moet word. Hy beveel sy manne om die lyke oor boord te gooi. Dit duur 'n hele ruk voordat hulle daarmee klaar is, en toe dit afgedaan is, verlaat Simon-hulle die Skone Maria onmiddellik. Hulle roei terug na die Maagd van die See.

Daar vertel hy aan Wilhelm Rieckert wat hulle gesien het en Rieckert se onmiddellike uitleg is ook dat dit 'n muitery van die slawe moes gewees het.

,,Wat gaan ons met die skip aanvang, kaptein?'' wil Wilhelm weet. ,,Ons kan dit tog nie hier los nie.''

,,Ons sal die skip met 'n halwe bemanning na Tafelbaai moet neem,'' antwoord Simon. ,,Ons sal dit aan die goewerneur van die Kaap die Goeie Hoop moet gaan oorhandig. Nee, ons kan dit nie hier laat nie. Maar eers moet ons vars voorrade inneem, Rieckert.''

,,Voorrade inneem? Moet ons aan wal gaan? Is dit nie te gevaarlik nie?'' So ryg Wilhelm Rieckert die vrae in. ,,En hoe gaan ons die skip weer vlot kry?''

Simon glimlag toe hy na sy goeie makker kyk wat al soveel avonture saam met hom deurgemaak het. ,,Die Skone Maria lê op 'n sandbank, Wilhelm,'' sê Simon. ,,Dalk is die see ons genadig. Met ons hande sal ons die vaartuig nie weer vlot kry nie. Maar die see is goed—dalk help dit ons.''

,,En jy wil aan wal gaan, kaptein?''

,,Alte seker wil ek aan wal gaan. Hoe anders? Ons het omtrent geen drinkwater meer nie. Ons hout is feitlik gedaan.''

Rieckert skud sy kop. ,,Ek weet nie so reg nie. As hierdie klomp negers aan wal gegaan het, soos hulle blykbaar het, sal die duiwel los wees onder die inboorlinge. Hulle sal ons voorlê en ons van 'n kant af probeer uitroei.''

,,Wilhelm,'' sê Simon skerp, ,,maak voorbereidings sodat ons aan wal kan gaan. Net vyftien man bly aan boord, onder hulle die stuurman. Die res gaan almal aan wal. Sorg dat hulle tot die tande toe bewapen is. Sorg dat die balies vir vars water gereed gemaak word.''

Wilhelm Rieckert doen soos vir hom gesê word. Wanneer hy oor iets





twyfel, sal hy baie daaroor babbel en redekawel. Maar wanneer Simon Verbeeck hom eers 'n bevel gegee het, dan voer hy dit tot op die letter uit.

Toe die manne gereed is, laat Simon hulle aantree. Hy praat met hulle vanaf die trap wat na die bodek lei.

,,Manne van die Maagd van die See,'' sê Simon Verbeeck, ,,op die skip wat julle daar sien lê, het 'n bloedige tragedie plaasgevind. Dit lyk na 'n muitery van die slawe. Hulle is weg met al die skuite van die skip en met al die wapens ook. Ons kan moeilikheid verwag wanneer ons aan wal gaan, want die negers is seker nou op die oorlogspad. Ons kan egter niks anders doen nie, want ons vars water is byna gedaan en die vaart na die Kaap die Goeie Hoop is nog lank. Ek verwag dat elke man sy plig sal doen en ek verwag dat julle almal wakker en oplettend sal wees. Ons bly bymekaar. Die man wat die groep verlaat, om watter rede ook al, sal deur my persoonlik gestraf word. Dit is al. Laat ons gaan.''

Aan die paar manne wat aan boord bly, het Simon ook 'n paar eenvoudige en uitdruklike bevele. Hulle moet steeds op hul hoede wees. As hulle moontlik 'n ander vaartuig sien aankom, moet hulle onmiddellik twee kanonskote kort na mekaar afvuur.

Toe vertrek die paar skuite stampvol manne na die kus wat so naby lyk, maar wat tog 'n hele afstand verwyder is.

Nou staan die groot donker seevaarder regop in die boeg van die voorste skuit, met die teleskoop voor sy oë gedruk. Hy tuur vooruit en ondersoek alles noukeurig—die strand, die terrein dieper in, die skaduwees van die stil palmbome wat die strand omsoom. Selfs in die bome kyk hy op om te sien of hy daar nie iets sien skuil nie.

Maar daar is niks. Alles het in stilte versteen.

In die boeg van 'n ander skuit staan Wilhelm Rieckert regop en hy doen net wat sy aanvoerder doen.

Die manne roei so al wat hulle kan want daar in die skuite is nie een wat nie die gevoel het dat 'n avontuur op hulle wag nie. Hulle is gereed en as daar geveg moet word, sal hulle nie op hulle laat wag nie.

Toe hulle die strand nader, herhaal Simon sy bevele. Niemand mag die groep verlaat nie en almal moet hul oë oophou. Hulle sal in 'n dubbele gevegsry die strand opstap. As hulle aangeval word, sal hulle die rugge op mekaar draai sodat hulle na twee kante toe kan veg.

Hulle sleep die skuite op die strand uit, vorm hul linie en toe begin hulle aanstryk. Alle oë is stip op die kant van die palmbome gerig. Die hande is aan die sabels.

Dit is baie stil, maar elkeen kan voel dat daar agter die stilte iets skuil.

Simon betrag die sagte sand van die strand, maar hy gewaar selfs nie eens 'n spoor nie. Hy luister, maar hy hoor selfs nie die geringste geluid nie. Hierdie strand is soos die strand van die dood.

Tog het elkeen die gevoel dat hulle iewers vandaan dopgehou word.

## SIMON WORD GEWAARSKU

Voordat Simon Verbeeck en sy manne die kant van die palmruigtes bereik, gaan hy stilstaan en bespied die wêreld. Hy hou nie van hierdie onnatuurlike stilte nie. Dit is vandag anders as wat dit nog altyd in die verlede was. Toe hy en sy manne in die verlede hier vars water en ander behoeftes kom haal het, het die inboorlinge hulle altyd tegemoet gekom en dan was daar 'n lewendige handel met tabak, armbande, krale en ander snuisterye. Hy het nog altyd uit sy pad gegaan om die inboorlinge skaflik en menslik te behandel.

Maar vandag is daar nie 'n salige siel wat hulle tegemoet kom nie. Niks en niemand roer tussen die palms nie. Dit is asof hierdie hele kusgebied doodgegaan het.

Vir die seevaarders is daar niks anders te doen as om maar koers te kies in die rigting van die soetwaterfontein wat die meeste van hulle al so goed ken nie. Dit is ongeveer 'n kilometer van die kus af geleë en hulle ken die pad daarheen goed. Derhalwe begin Simon aanstryk en die ander manne volg hom. 'n Paar dra swaar balies om vol water te maak en dan op 'n draagbaar van palmhoute terug te bring. Nog ander dra mandjies met die handelsware wat onontbeerlik is op 'n uitstappie soos hierdie.

Op pad na die fontein gebeur daar nog niks nie. Hoe die manne ook tussen die palms deur staar op soek na beweging, of 'n mens of iets, hulle gewaar niks. Simon begin wonder of die inboorlinge nie so skrik gevat het vir die bedrywighede van die slawerowers dat hulle heeltemal van die kus af padgegee het nie. Wat hom dronkslaan, is dat hulle nog geen teken van die skuite van die Skone Maria gewaar het nie. Maar toe dink hy daaraan dat die geveg op die skip nie noodwendig hoef plaas te gevind het waar die vaartuig nou lê nie. Dit kon maklik daarheen gedryf het nadat die geveg oor was.

Hulle bereik die fontein sonder enige voorval en hulle begin dadelik die balies vol maak terwyl 'n paar van die manne palmhoute afkap om draagbare te maak. Simon Verbeeck kuier om die fontein, nog steeds op soek na iets of iemand wat beweeg.

Toe die balies vol is, besluit Simon om eers weer terug te gaan na die Maagd van die See om sake te oorweeg. Hy wil nie sy manne onnodiglik blootstel voordat hy mooi weet wat hier gaande is nie. As hulle genoeg vars water het, is hul ergste nood darem agter die rug.

Hulle begin terug stap na die strand en die manne wil net kokosneute soek. Maar Simon bedwing hulle. Hy voel onrustig en hy wil nou geen vertraging hê nie. Later, wanneer hulle weet wat gaande is, kan hulle liewer terugkom en iets kom soek om te eet.

Hulle is omtrent halfpad terug na die strand toe twee kanonskote kort na mekaar gehoor word. Vir Simon voel dit asof daardie twee skote dwarsdeur sy hart spring.

,,Daar's fout!'' roep hy. ,,Kom!''





Hy gaan aan die hardloop. Die baliedraers moet maar byhou so goed of sleg as wat hulle kan.

Toe Simon Verbeeck en sy manne tussen die palmbome uitgehardloop kom, steek hulle oorstelp vas. Voor hulle sien hulle 'n toneel wat elke seeman se hart laat krimp.

'n Hele streep langskuite is op pad na die Maagd van die See. Hulle het uitgevaar vanaf 'n punt naby die neus waarom die Maagd van die See 'n tydjie gelede die klein baai binnegevaar gekom het. Met die blote oog kan Simon sien dat die skuite vol gelaai is. Hulle lê laag in die water en dit is duidelik dat hulle propvol opgewonde negers is.

Simon ruk die teleskoop weer voor sy oë en betrag die toneel. Toe word hy nog iets wys. Tussen daardie negers is daar ook blankes. Hulle het kenmerkende seemansklere aan en hul kopdoeke wapper in die ligte wind. In die heel voorste skuit staan een regop en hy is blykbaar die aanvoerder, want hy beduie wild met die hande, en die roeiers lê laag oor die roeispane.

,,Wat op aarde is hier aan die gang?'' vra Wilhelm Rieckert uitasem. ,,Lyk my hulle wil beslag lê op die Maagd van die See. Ons is die loef afgesteek, Simon. Ons moes nooit almal die Maagd van die See verlaat het nie.''

Simon Verbeeck vererg hom vir sy makker en goeie vriend. ,,Dit is maklik genoeg om na die tyd slim te wees, Wilhelm,'' sê hy. ,,Ons kon net sowel hier op die land oorval gewees het—en dan? Ja, dit lyk my hulle wil die Maagd van die See oorrompel. Hulle lyk vyandig. Daar is blankes tussen hulle.''

,,Blankes?'' vra Rieckert verwese. ,,Waar op aarde sou húlle vandaan kom?''

,,Seker bemanningslede van die Skone Maria wat saam met die negers gemuit het, of anders dalk skipbreukelinge. Ons turf sit, Wilhelm. Hulle gaan die Maagd van die See aanval—dit is heeltemal duidelik.''

Wilhelm Rieckert gryp sy aanvoerder aan die arm. Hulle het so aandagtig na die toneel van die vol skuite gestaar, dat hulle glad nie iets raak gesien het wat hier onder hul neuse plaasvind nie.

,,Kyk hier!'' roep Rieckert uit. ,,Kyk 'n bietjie wat is hier gaande?''

Eintlik is dit onnodig dat Wilhelm Simon se aandag op die ander gebeurlikheid vestig, want hy het dit klaar raakgesien. 'n Klomp inboorlinge, blykbaar onder aanvoering van 'n blanke, is druk besig om met die skuite van die Maagd van die See in te roei. Simon Verbeeck kry 'n lam gevoel op sy maag en dit is asof iets in die binneste wil breek. 'n Magtelose woede wring deur hom toe hy na die toneel hier voor hulle staar.

Sy bitter mymering word onderbreek deur nog twee kanonskote van die kant van die Maagd van die See af. Toe val daar nog twee. Hierdie is nie meer seinskote nie. Die paar man op die vaartuig probeer om die skuite uit die water te skiet. Die eerste paar skote val tussen die swetterjoel skuite en jaag wit waterpluime in die lug op, maar hulle maak geen hond haar-af nie. Die skuite jaag ongestoord in die rigting van die Maagd van die See. En die skuite wat